

**28 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 19:23-20:19 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Matteus 19:22-30**

**Laastes wat eerste is**

Die ryk jongman het nie kans gesien om van sy gesiene posisie en aardse besittings af te sien nie. Maar toe die Here die dissipels roep, was hulle dadelik bereid om Jesus te volg. En wat 'n rykdom het hulle nie gekry nie!

Die Here verwag vandag nog van elke gelowige algehele oorgawe. Dit beteken nie noodwendig dat jy jou werk moet los om 'n predikant of sendeling te word nie. God gebruik ook boere, huisvroue, tiksters en besigheidsmense om Hom te dien. Ook jý word geroep om die Here met algehele oorgawe te dien. Nêrens kom jy los van die roeping waarmee God jou geroep het nie. Dit bly 'n uitnemende voorreg om 'n volgeling van Jesus te wees.

Wees dankbaar dat die Here jou geroep het om Hom te volg. Skuif eie belang op die agtergrond. Ondersoek die Bybel om te sien wat die Here van jou vra. Die Here het aan jou besondere vermoëns gegee waarmee jy kan dien (1 Kor 12:7). Kyk na die geleenthede wat God elke dag aan jou gee om Hom en jou medemens te dien (Ef 5:16). En, wat jy ookal doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie (Kol 4:23).

As jy dankbaar doen wat die Here van jou vra, sal jy besondere seën ervaar – nou en in die hiernamaals.

*Sing: Psalm 119:62*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*